

**Sondag 20 Oktober**

<b>Skrifgedeelte: Johannes 3:3-8; Markus 1:15</b>	<b>Fokusgedeelte: Johannes 3:3</b>
---	------------------------------------

### **Wedergeboorte – die inwyding in God se koninkryk**

Gister het ons daarvoor gedink dat ek deur die wedergeboorte deel is van die huisgesin van God. Tog is dit ook deur die wedergeboorte wat ek deel in die koninkryk van God. Hoe dan nou anders? Wanneer die Heilige Gees aan my die wedergeboorte gee, verander my bestaan op 'n radikale manier. Hoor hoe bely ons dit in die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3/4, paragraaf 11:

*“Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees ... dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens ... In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig; en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke dra.”*

Hierdie is koninkrykstaal! Dit vertel van 'n lewe waarin ek gehoorsaam is aan Koning Jesus Christus en waarin ek myself verloën, my kruis opneem en Hom volg. Dit begin egter waar die Heilige Gees aan my die wedergeboorte skenk, sodat ek spreekwoordelik met koninkryksoë na alles rondom my kyk. Dit beteken dat ek in alles wat ek doen, beplan en bedink eerstens vra: Hoe dien ek die koninkryk van God hiermee? Hoe word die heerskappy van Jesus Christus oor my lewe duidelik?

Sonder die wedergeboorte kan geen mens dit doen nie, omdat ons as mense 'n naam vir onself wil maak, in plaas daarvan om God se Naam groot te maak. Gaan lees gerus weer in Genesis 11 die verhaal oor die toring van Babel. Dit is juis wat daar gebeur het. Dank vandag die Here dat jy deur die werk van die Heilige Gees met koninkryksoë na die wêreld kan kyk!

*Sing: Lied 464:3, 4*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)*